# *Lief en Leed*

Voorbidding word gevra vir alle kanker pasiënte . Ons vra dat die Here hul sal bystaan vir die nodige behandeling.

Voorbidding word gevra vir alle persone wat in hierdie moeilike tye sonder werk is, of waar die moontlikheid bestaan dat hulle hul werk sal verloor.

Petru Kruger is in Midstream MediClinic.

Rina Cronje dank die Here vir beterskap; sy herstel tuis.

Lulu Malan is geopereer is Zuid -Afrikaans. Sy herstel goed dink steeds aan haar in u gebede.

Petro Hanekom het Donderdag n rugoperasie gehad. Ons dra haar in gebed aan die Here op, bid vir goeie herstel.

Pierre Muller gaan moontlik die week geopereer word. Ons dra hom aan die Groot Geneesheer op vir spoedige herstel.

Hennetjie Mostert het 'n opvolg operasie aan haar been gehad, dit blyk goed te wees , haar pyn is minder bid steeds vir haar.

Gerty Slabbert is geopereer en in Unitas, dit was n lang operasie (7 uur) waarin dit moeilik was om skroewe te gebruik a.g.v. verbrokkelende been. Ons vra die Here vir groot genade en dat haar wense om weer te loop waar sal word.

Sarie Keulder het verswak, sy is in Rusoord en het u voorbidding nodig.

Anna de Kok het kwaai longontsteking gehad ons dank die Here vir haar herstel.

Ds. Gideon du Toit en ds. Petro du Toit gaan met langverlof en sal uitstedig wees. Ons bid vir 'n voorspoedige reis, genoeg rus, dat hulle elke oomblik sal geniet, baie foto's sal saambring en dat hulle veilig sal terugkeer.

# *Die Aankondiger !*

## *Omgeekerk kantoor nr: 012 664 6695*

**EREDIENS: 22 Mei 2015 om 9:00**

**Prediker:** ***Ds. Gideon du Toit***

**Skriflesing:** **1 Kor. 13**

**Tema:** **God is in ons! Die grootste bewys is die liefde.**

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

**Liedere:** **168:1-3; 199:1-3; 302:1,2,4; 439:1,2; 265:1,2; 202:1-3**

**Jeug:** ***18:00*** **Rusoord:** ***16:45***

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Heilige Gees is God in ons, in my.

### GEBEDSVERSOEKE

Deur die Heilige Nagmaal wanneer ons die tekens van wyn en brood sien en proe, word ons opgebou in geloof. Paulus noem die bediening waardeur mense vrygespreek word, 'n nuwe verbond wat die ou verbond oortref in heerlikheid. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word, dit doen die Here wat die Gees is. (2 Kor. 3).

Ons dink vandag aan die verkondiging van die evangelie oor die hele wêreld . Mag Sy koninkryk kom.

Die nood van kinders wat in weeshuise en in pleegsorg-huise is, verdien ons getroue gebede. Compassion International met Dr. Wesley K. Strafford as hoof uitvoerende beampte, huldig een eenvoudige opvatting: Elke kind is kosbaar. Hulle poog om die armoede kringloop vir kinders oral in die wêreld te verbreek.

Ons bid ook vir ons plaaslike regering en vir besluite rondom skole, ook in ons direkte omgewing.

## *ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3*

*Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.*

# Kennisgewingbord

**Kerkkantoor tel. Nr.: 012 664 6695**

***Deurkollekte*** : Sending

***Omgee-Vroue***

Vir die **Fondsinsamelings geleentheid** wat beplan word vir die 24e Oktober 2015 wil ons graag vir Jannie Moolman as gaskunstenaar nooi. Ons is dringend op soek na 'n borg vir hierdie geleentheid. Is daar miskien iemand waarvan julle weet wat so 'n geleentheid kan gebruik om sy saak te adverteer? Kontak Adél by 0126642261 of 0768900823

**Bybel projek**

 ***Nuwe Bybels*** is beskikbaar in die kombuis-area. Indien u 'n Bybel in 'n Afrika-taal of Engels benodig, (hardeband teen R 45 en sagteband teen R 25) bestel asb. vandag nog in die kombuis area of skakel Annetta by 012 6404008 / 076 293 2125

 ***Ou Bybels*** **-** volgende Sondag is die laaste dag wat ons hier van hulp kan wees. Daar het reeds baie Bybels ingekom maar Indië u dalk nog nie daarby kon uitkom om dit in te bring nie - is dit nou u kans. Enige taal is welkom.

**Transoranje-Skool vir Dowes**

Bied ter fondsinsameling op Saterdag 13 Junie 2015 - Kaalkopfilosofie met Nataniël. Geniet 'n Skreeusnaakse en insiggewende oggend van Kaalkopfilosofie by een van Nataniël se gewilde Leefstylpraatjies wat strek vanaf kos tot klere, kinders en kuier tot etiket…. Nataniël en Eksklusiewe uitstallers produkte beskikbaar. Geen babas en kinders onder 13 jaar. Mans en Dames welkom. 10:50 Ouditorium van Woord-en-Lewe, Mayville Pretoria R150 per persoon (sluit versersings in) Kaartjies beskikbaar by Alta Koekemoer Tel 012-386 6072-5 of epos na transoranje3@gmail.com

***ONTHOU ASB. ONS BANK INFO:***

**NG Lyttelton-Noord. Absa Bank**

**Rek.nr: 600590243, Tak: 335045**

***BYBELSTUDIEGROEPE :***

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | 15:00 | Parkdal | Dinsdag | 09:00 | Noorde |
| | | | | 10:00 | La Vie |
| Woensdag | 09:00 | Parkrand | Donderdag | 09:00 | Dienssentrum |
| | 10:00 | Tiny Krige | | 10:00 | La Borie |
| | 10:00 | Lofdal | | 11:00 | Protea |

**Omgee-Manne:** Saterdagoggend 6:30 by die kerk

**Baie geluk aan almal wat verjaar 24 Mei - 30 Mei**

| Noemnaam | Van | Verjaar | Landlyn | Selfoon |
|---|---|---|---|---|
| René | Swart | 05/24 | 0832519830 | |
| Marita | De Waal | 05/25 | 664 3658 | |
| Riaan | Kruger | 05/26 | 0820929948 | 27820929948 |
| Martie | Otto | 05/26 | 012 664 6969 | |
| Bernadette | Venter | 05/28 | 084 5888 290 | |
| Sonja | Kruger | 05/29 | 664 2770 | 27823063381 |
| Julia | Bekker | 05/30 | 664 4559 | 27826850562 |

Ds. Gideon du Toit en ds. Petro du Toit sal die volgend 6 weke nie in Pretoria wees nie. Kontak asb. vir Sue by die kantoor indien u enige probleme of navrae het. Kantoor nr.: 012 664 6695 of indien dit 'n **noodgeval** is na 12 uur die middae by 082 447 2813

Gert en Helene Pretorius se klein Jack Russle hondjie het Dinsdag 19 Mei 19 weggeraak. Sy kan uitgeken word aan 'n naeltjiebreuk. Kontak asb. vir Gert by 0826420098 indien julle inligting het.

**************SMS'e**************

Kry u 'n SMS'e met die kerk se doen en late ? Indien nie en u wil graag; bel asb. vir Sue in die kantoor by 012 6646695 om te verseker dat u dit ook kry.

***HUIS GIDEON - PROJEK***

Huis Gideon vra groot asseblief.
Hulle kort nog 2 ℓ roomys bakke en 1 kg margarien bakke.
Asook - knope, ritse, kant, lint, leë kos blikkies en enige ou stukkende tekkies of toe skoene (veral ook kleuters se ou skoene).